# LOURENSRIVIER FEESMARK
# 25 Oktober – 9 November 2024
# Inligting - Terme en Voorwaardes



Liewe uitstaller

Baie welkom by Lourensrivier Feesmark!
Ons mark vier vanjaar ons 22ste Feesmarkjaar!!

Ons **keuringskriteria** en voorwaardes wat nagekom moet word is:

- ☺ **Verkieslik ENTREPRENEURS. Hul handgemaakte artikels sal dit die meeste aftrek geniet.**
- ☺ **Goeie kwaliteit is noodsaaklik.**
- ☺ **Geen artikels wat aanstoot mag gee**, hetsy deur woorde of vorm, sal toegelaat word nie.
- ☺ **Slegs goedgekeurde produkte mag tydens die mark verkoop word.**
- ☺ **Billike pryse. Die Feesmark is hoofsaaklik gerig op die aankoop van geskenke en duur items – R300 en meer, verkoop moeilik -** die publiek is op die uitkyk vir die meeste waarde vir hulle geld.

*Danksy die puik gehalte uitstallers met hul unieke en wye verskeidenheid van artikels wat deel was van ons Feesmark 2023 het ons 'n baie suksesvolle mark gehad en poog om 2024 weer daarop voort te bou.*

***Lourensrivier Gemeente tree bloot as agent op wat vrygestel is van enige belastingverpligtinge.***

**Graag gee ons BELANGRIKE ALGEMENE INLIGTING RAKENDE DIE FEESMARK aan u deur:**

1. **Datum: 25 Oktober – 9 November 2024**

   **In die kerksaal van Lourensrivier Gemeente**, op die **hoek van Broadway en Da Gama straat, Strand**. Dit is op die hoofroete na Gordonsbaai. Die gemeente beskik oor 'n ruim saalkompleks met 'n groot parkeerarea wat daaraan grens.

2. **Besigheidsure:**
   **Weeksdae vanaf 09:00 tot 19:00**
   **Saterdae vanaf 09:00 tot 16:00**

3. ***Aansoekvorm en Inligtingsbrief:* *moet deeglik deurgelees word*** *waarvolgens die uitstaller onderneem om by al die terme en voorwaardes te hou.*

   **Die getekende aansoekvorm** met **'n volledige stel foto's** van jou Stalletjie.
   Hou net in gedagte – hoe meer foto's, hoe makliker kan keuring gedoen word.

   **Tesame met Produk-/ Pryslys** (sien aangeheg) - Excel "Spreadsheet" - waarop al jou inligting volledig **ingetik** moet word.

   Alle Produkte moet met **naam beskrywing** ingetik word en nie net bv. Decor.

4. **Sluitingsdatum** vir aansoeke met foto's en Produk-/Pryslys.**is 15 Mei 2024.**

5. **Keuringsdag: Saterdag, 25 Mei 2024**

   ***NB: Aansoek kan nie aanvaar word as aansoekvorm nie onderteken is nie.***

   **U kan dit ook Epos: lourensrivierfeesmark@gmail.com**

***Neem asb. kennis: Hierdie aansoek beteken nie dat jy reeds gekeur is nie.***

JY SAL **EINDE JUNIE 2024 PER EPOS IN KENNIS GESTEL WORD** OF JOU AANSOEK SUKSESVOL WAS. Aan suksesvolle aansoekers sal verdere inligting dan gestuur word.

6. **Registrasiegelde - Uitstalruimte (tafels) + toesighouding- eenmalige fooi vir die hele duur van die Feesmark (14 dae).**

**'n Vol tafel = R790**
**'n Halwe tafel = R500**
**'n Kwart tafel = R340**
**'n Groot staander of klererak op vloer R790** (2m - nie hoër as 1.8m) vanaf vloer. **Op tafel** – 2m - nie hoër as 90cm.
**'n Halwe staander op vloer R500** (1m – nie hoër as x1.8m). **Op tafel** –1m - nie hoër as 90cm

**Uitstallers staan 18,5% kommissie af aan Lourensrivier Feesmark.** Verkooppryse moet dus asb. die kommissie insluit.

7. **TOESIG** - Die Komitee het besluit om diensbeurte deur uitstallers te staak, aangesien die meeste uitstallers verkies om te betaal vir sekuriteit en toesig. Die fooi betaalbaar by registrasie is R200 - is ingesluit by jou tafelfooi.

Die Feesmarkkomitee reël vir ekstra verantwoordelike persone (toesighouers) in die saal wat na die beste van hulle vermoë jou belange op die hart sal dra.
Uitstallers met duur juweliersware is persoonlik verantwoordelik vir toesig en sekuriteit by hul tafel.

8. **BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT (GESKIKTHEIDSERTIFIKAAT):**
Uitstallers met **tuisgemaakte produkte (eet- en drinkgoed)** moet asb 'n **Bevoegdheidssertifikaat** van die perseel waar hul produk voorbereid word, aan ons voorsien. Indien jy nie 'n sertifikaat het nie, skakel met jou plaaslike Munisipale kantore vir inligting.
As inspekteurs die mark besoek kan jou produkte verwyder word indien jy nie oor so 'n sertifikaat beskik nie.

9. **ROME OF GESIGROME:.** Die mark aanvaar geen verantwoordelikheid vir allergiese toestande wat mag ontstaan nie.

10. **Produk-/Pryslys (Barcodes):** waar al jou inligting **ingetik** moet word. (Al gebruik jy jou eie barcodes). **Save asb in Excel formaat** en **nie in PDF formaat nie.** (Die server kan nie PDF formaat laai of lees nie).
**Al jou pryse en items** moet op die aangehegte excel spreadsheet formaat van Lourensrivier Feesmark **ingetik** word.
**GEEN ander mark se pryslys of Excel spreadsheet** sal aanvaar word nie.

As jy oor jou eie barcodes beskik, tik dit ook op pryslys in.
**Dit is baie belangrik**: **Alle produkte se beskrywings mag nie langer as 25 letters wees nie** en **prys** slegs as **40** (geen R of sente) - moet duidelik op **die Excel formaat pryslys** (aangeheg) **ingetik word** en **saam met aansoekvorm ge-epos word**.

**Neem asb. kennis: Geen syfer 0** aan begin van 'n barcode. Sisteem ervaar probleme met die lees van dié strepies barcodes. Rond asseblief u verkoopsprys af tot die naaste Rand.

GEEN Artikels se **pryse mag of kan verhoog of verminder word tydens die Feesmark nie** – ook nie na die keuringsdag nie.

11. **Sentrale Betaalpunt**: Daar is 'n sentrale betaalpunt by die uitgang met 'n kontant en kaartfasiliteite.

12. **Reklame**
Wye reklame word gedoen voor en tydens die Lourensrivier Feesmark, onder meer met plakkate, baniere, die plaaslike pers en oor die radio, Facebook en ons webwerf. Onthou om dit in gedagte te hou wanneer u voorraad beplanning vir die Feesmark doen!

Ons Feesmark kan alleenlik weer 'n sukses wees met jou deelname en ondersteuning. Ons sien uit om jou weer te sien of te ontmoet en vra jou voorbidding vir 'n geseënde Feesmark 2024.

Kyk mooi na jouself.

Vriendelike Feesmarkgroete



Annalie Möller
Nms LOURENSRIVIER-FEESMARKKOMITEE
072 269 6592